basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2017

## MEMORANDUM

**PUNTE: 200**

**Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.**

V. AFRICA
INTERNAL MODERATOR
30: 03: 2017

D. D. J. BROWN
Ex. Moderator
Umalusi 02/04/2017

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 1**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C✓ | *Verstaan, maklik (Fokus, bl.104; Suksesvol, bl.126)* | (1) |
| | 1.1.2 | D✓ | *Verstaan, maklik (Fokus, bl.75; Suksesvol, bl.85)* | (1) |
| | 1.1.3 | C✓ | *Verstaan, maklik (Fokus, bl.77; Suksesvol, bl.91)* | (1) |
| | 1.1.4 | A✓ | *Verstaan, maklik (Fokus, bl.77; Suksesvol, bl.91)* | (1) |
| | 1.1.5 | A✓ | *Verstaan, maklik (Fokus, bl.79; Suksesvol, bl.93)* | (1) |
| | 1.1.6 | C✓ | *Verstaan, matig (Fokus, bl.49; Suksesvol, bl.54)* | (1) |
| | 1.1.7 | D✓ | *Onthou, maklik (Fokus, bl.61; Suksesvol, bl.67)* | (1) |
| | 1.1.8 | A✓ | *Onthou, maklik (Fokus, bl.117; Suksesvol, bl.137)* | (1) |
| | 1.1.9 | B✓ | *Onthou, maklik (Fokus, bl.128; Suksesvol, bl.146)* | (1) |
| | 1.1.10 | B✓ | *Onthou, maklik (Fokus, bl.61; Suksesvol, bl.67)* | (1) |
| | 1.1.11 | A✓ | *Onthou, maklik (Fokus, bl.148; Suksesvol, bl.162)* | (1) |
| | 1.1.12 | B✓ | *Onthou, maklik (Fokus, bl.134; Suksesvol, bl.155)* | (1) |
| | 1.1.13 | D✓ | *Onthou, maklik (Fokus, bl.122; Suksesvol, bl.140)* | (1) |
| | 1.1.14 | D✓ | *Onthou, maklik (Fokus, bl.64; Suksesvol, bl.72)* | (1) |
| | 1.1.15 | A✓ | *Verstaan, maklik (Fokus, bl.40; Suksesvol, bl.42)* | (1) |
| | 1.1.16 | D✓ | *Verstaan, matig (Fokus, bl.13; Suksesvol, bl.19-20)* | (1) |
| | 1.1.17 | C✓ | *Verstaan, matig (Fokus, bl.17; Suksesvol, bl.22)* | (1) |
| | 1.1.18 | B✓ | *Verstaan, matig (Fokus, bl.168; Suksesvol, bl.185)* | (1) |
| | 1.1.19 | C✓ | *Verstaan, moeilik (Fokus, bl.166;Suksesvol, bl.183)* | (1) |
| | 1.1.20 | B✓ | *Analisering, moeilik (Fokus, bl.167-168; Suksesvol, bl.185)* | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | emulgeerders✓ | *(Fokus, bl.93; Suksesvol, bl.113)* | (1) |
| | 1.2.2 | stabiliseerders✓ | *(Fokus, bl.93, Suksesvol, bl.113)* | (1) |
| | 1.2.3 | bleikmiddels✓ | *(Fokus, bl.94 ; Suksesvol, bl. 113)* | (1) |

*Onthou, maklik*

1.3 D✓
E✓
F✓
H✓ (in enige volgorde) (4)

*Onthou, matig (Fokus, bladsy 136–137; Suksesvol, bladsy 157)*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.4 | 1.4.1 | B✓ | *(Fokus, bl.7; Suksesvol, bl.12 en 35)* | (1) |
| | 1.4.2 | A✓ | *(Fokus, bl.37; Suksesvol, bl.36)* | (1) |
| | 1.4.3 | G✓ | *(Fokus, bl.36-37; Suksesvol, bl.35–37)* | (1) |
| | 1.4.4 | C✓ | *(Fokus, bl.40; Suksesvol, bl.39)* | (1) |

*Verstaan, matig*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.5 | 1.5.1 | D✓ | *(Fokus, bl.158; Suksesvol, bl.176)* | (1) |
| | 1.5.2 | B✓ | *(Fokus, bl.159; Suksesvol, bl.177)* | (1) |
| | 1.5.3 | C✓ | *(Fokus, bl.162; Suksesvol, bl.178)* | (1) |
| | 1.5.4 | E✓ | *(Fokus, bl.161; Suksesvol, bl.177–178)* | (1) |

*Verstaan, matig*

1.6 A✓
D✓
F✓
G✓
H✓
I✓ (in Enige volgorde) (5)

*Analisering, matig (Fokus, bladsy 49, 51, 57–59; Suksesvol, bladsy 50, 51, 59–65 en KABV (Graad 11)*

**[40]**

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 2.1.1 Suid Afrikaanse Inkomstediens/SAID✓ (1)
*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 163; Suksesvol, bladsy 181)*

2.1.2 Lopendebetaalstelsel/LBS✓ (1)
*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 163; Suksesvol, bladsy 181)*

2.1.3

| | **Nie-voorlopige betaling** | **Voorlopige belasting** |
|---|---|---|
| **Gereeldheid/ Tipe inkomste bedien** | In diens van 'n werk-gewer / voltyds in diens /gereelde maandelikse inkomste/vaste maandelikse inkomste /verdien 'n salaris✓ (1) | Nie vaste inkomste nie/ ongereelde inkomste/mense met inkomste anders as salarisse✓ (1) |
| **Hoe gereeld die belasting betaal word** | Elke maand/ maandeliks✓ (1) | Twee keer per jaar✓ (1) |

(4)

*Verstaan, matig (Fokus, bladsy 163; Suksesvol, bladsy 181)*
**LET WEL**: Trek een punt af indien nie in tabelformaat beantwoord is nie.
Behou memo vir 2.1.3 soos dit is

2.2
- 'n Vrystellingsklousule is 'n klousule in 'n kontrak ingesluit wat 'n party vrystel van enige aanspreeklikheid✓indien hy/sy sou versuim om die ooreenkoms te eerbiedig/wanneer die produk of diens nie die doel dien waarvoor dit bekom is nie.✓ (2)

*Verstaan, maklik (Fokus, bladsy 156; Suksesvol, bladsy 173)*

2.3 2.3.1
- Ketel✓
- Basiese lig✓
- Verhitting van water✓
- Strykwerk✓
- Klein (swart en wit) televisie✓/radio
- Selfoon herlaaier (sien Engels vir kommentaar) (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 183; Suksesvol, bladsy 203)*
Verwys na vraag – **basiese gebruike** – dus sal elektriese toestelle nie deel vorm van basiese gebruike nie

2.3.2
- Stel die warmwatersilinder/geiser se temperatuur op 60 °C/ Verlaag die warmwatersilinder se temperatuur.✓
- Installeer 'n tydreëlaar wat gestel kan word om die warmwatersilinder vroegoggend aan te skakel en weer in die aand.✓
- Isoleer die warmwatersilinder/gebruik 'n warmwatersilinder kombers en uitlaatpype wat verhoed dat hitte verlore gaan.✓
- Gebruik 'n laevloeistortkop omdat hulle 40 persent minder warm water gebruik.✓
- Installeer 'n sonenergie/sonverhittingseenheid saam met die warmwatersilinder om water te verhit omdat 25 persent of meer bespaar kan word op die elektriese rekening.✓ (2)

*Verstaan, matig (Fokus, bladsy 174; Suksesvol, bladsy 192)* (Enige 2)

2.4
- Inflasie: Inflasie verhoog die prys van goedere en dienste daarom sal verbruikers meer op voedsel bestee.✓/koop minder kos vir dieselfde bedrag geld
- Stygende brandstofpryse: Wanneer die brandstofpryse styg, sal vervoer van voedsel na die verkooppunt verhoog✓ dus sal voedselpryse selfs meer styg omdat verbruikers uiteindelik vir die styging van die brandstofprys betaal.✓
- Voedsel op krediet koop: Indien voedsel op krediet koop, sowel as verhoogde rentekoerse✓ mag die voedselpryse selfs meer verhoog.✓
- Waardevermindering van die rand: Ingevoerde voedselitems sal meer kos.✓ (Enige 4) (4)

*Toepassing, moeilik (Suksesvol, bladsy182-185; Fokus, bladsy 164-168)*
See (Any 4)

2.5
- Dit is baie waarskynlik dit hierdie 'n valse e-pos/uitvissing/ swendelskema/identiteitdiefstal is.✓
- Dit is baie onwaarskynlik dat enige finansiële instelling 'n rentekoers so laag soos 4,00%✓omdat dit laer as die repokoers is en die instelling sal nie geld maak nie aangesien dit laer as die repokoers is en die instelling sal nie geld maak nie.✓
- Hierdie transaksie lyk te goed om waar te wees, dus is dit moontlik te goed om waar te wees/onwaar.✓ (Maksimum 3)

- 'n Verbruiker moenie persoonlike besonderhede aan Elite Loans gee/ e-pos nie.✓
- Dit is die beste om hierdie e-pos uit te wis.✓ (Minimum 1) (4)

*Analisering, matig (Fokus, bladsy 159; Suksesvol, bladsy 177)*

**[20]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1
- Antioksidante preserveer die voedselkwaliteit/verleng die raklewe✓ van voedsel.
- Voorkom galsterigheid✓en onaangename smaak en reuk✓ in margarien/kookolie/koekies/aartappelskyfies/sopmengsels.
- Preserveer die kleur van vars gesnyde vrugte en groente/vertraag ensimatiese verbruining/verkleuring in vrugte en groente/vrugtesap/koeldrank/ingemaakte groente/bevrore vrugte.✓

(Enige 3) (3)

*Onthou, matig (Fokus, bladsy 34; Suksesvol, bladsy 114)*

3.2
- Drink slegs veilige water wat gereeld met chloor behandel word.✓
- Kook water✓vir 10 tot 15 minute indien jy nie seker is dat dit veilig is nie.
- Moenie in besmette / **gekontamineerde** water swem nie.✓
- Moenie vrugte/groente in besmette / **gekontamineerde** water afspoel nie.✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 90; Suksesvol, bladsy 107-108)*

3.3
- Voedselbestralingvernietig mikro-organismes/patogene bakterieë/ander skadelike organismes✓om siektes wat deur voedsel oorgedra word te verhoed/maak voedsel veiliger om te eet.✓
- Dit vernietig of onaktiveer organismes wat voedselbederf veroorsaak.✓ Op hierdie manier word die raklewe van vrugte en groente verleng/kan langer geberg word.✓
- Bestraling vertraag die uitloop van uie/knoffel/aartappels/rypwording van vrugte,✓dus verminder dit verliese deur beskadiging tydens vervoer/berging.✓Op hierdie manier word die raklewe van die vrugte en groente verleng.✓
- Dit vernietig insekte in of op tropiese vrugte wat ingevoer of uitgevoer word.✓Op hierdie manier word die raklewe van die vrugte verleng.✓

(Enige 2 x 2) (4)

*Verstaan, matig (Fokus, bladsy 105; Suksesvol, bladsy 127)*

3.4 3.4.1
- Diabetes is 'n kroniese siekte waar die bloedglukosevlak abnormaal / tèhoog is✓omdat die liggaam/pankreas dit nie deeglik kan beheer nie.✓ Dit kom voor wanneer die betaselle in die pankreas nie enige insulien produseer nie✓of nie genoeg insulien produseer nie✓, of wanneer die liggaam nie insulien effektief gebruik nie.✓

**OF**

- Diabetes ontwikkel wanneer die liggaam/pankreas nie genoeg insulien vervaardig nie✓ of nie in staat is om die insulien wat dit vervaardig te gebruik nie. ✓ Insulien word benodig om suiker om te skakel na energie.✓ Sonder insulien bou suiker in die bloed op/hoë bloedglukosevlakke ontwikkel.✓ (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 72-73; Suksesvol, bladsy 80)*

3.4.2
- ~~Daar is 'n verband tussen tipe 2-diabetes en leefstyl.✓~~
- Die begin van tipe 2-diabetes mag voorkom of vertraag word deur 'n gesonde dieet/leefstyl/gesonde diabeties bestuursbeginsels te volg.✓
- Deur 'n normale liggaamsgewig te handhaaf✓omdat vetsug/oorgewig die risiko van koronêre hartsiektes en diabetes verhoog. ✓
- Deur 'n aktiewe leefstyl/gereelde oefening te doen✓word die liggaam gehelp om insulien meer effektief te gebruik,✓ wat bloedglukosevlakke beheer.✓
- Moenie rook nie✓ (Enige 5) (5)

*Verstaan, matig (Fokus, bladsy 73; Suksesvol, bladsy 82)*

3.5
- Vars vrugte en groente bevat Vitamien C✓wat die absorpsie van yster bevorder/verhoog.✓
- Yster in groen blaargroente sal help in die vorming van hemoglobien/ rooibloedselle/bevat foliensuur wat help met absorbsie van yster.

(Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Fokus, bladsy 76-77; Suksesvol, bladsy 91)*

3.6 3.6.1
- Hipertensie word veroorsaak wanneer die druk teen die wande van die slagare✓vir 'n lang tydperk hoog bly.✓

**OF**
- Hipertensie ontwikkel wanneer die wande van die groter slagare hulle natuurlike elastiesiteit verloor✓en verhard,✓ en die kleiner bloedvate vernou weens die bloeddruk wat vir 'n lang tyd hoog bly.✓

**OF**
- Die bloeddruk wat in die slagare vloei✓word gemeet op 'n hoë en 'n lae punt.✓ Indien bloeddruk te hoog is/hipertensie maak jou in 'n risiko✓vir 'n hartaanval/beroerte/nierskade/oogskade

(Enige 2) (2)

*Onthou, matig (Fokus, bladsy 77; Suksesvol, bladsy 86)*

3.6.2
- Saul moet kruie/speserye gebruik om sy voedsel te geur✓ in plaas van sout.
- Verminder die inname van geprosesseerde voedsel/ versnaperinge/gerookte vleis/spek/biltong/aartappelskyfies/ gemorskos/gesoute neute/grondboontjies/gesoute springmielies/souterige kraakbeskuitjies/pizza omdat dit versteekte sout bevat.✓
- Vermy/Beperk voedsel wat sout/natrium/natriumchloried/ mononatriumglutamaat (MSG) in die lys van bestanddele bevat.✓
- Vermy/Beperk souterige voedselprodukte/produkte met baie sout wat meer as 600 mg/1,5 g sout per 100 g bevat.✓
- Moenie meer as 5 g/1 teelepel sout per dag inneem nie.✓
- Eet voedselprodukte laag in sout/minder as 120 mg/0,3 g sout per 100 g.✓ (hoeveelhede nie noodsaaklik nie)
- Beperk die hoeveelheid sout wanneer voedsel gaargemaak word. ✓
- Moenie ekstra sout oor gaar voedsel strooi nie.✓ (Enige 5) (5)

*Toepassing, matig (Fokus, bladsy 77; Suksesvol, bladsy 87-88)*

3.7

| KRITERIA | RIGLYNE OM VETSUG TE VOORKOM | GESONDER ALTERNATIEF |
|---|---|---|
| GAARMAAK-METODE GEBRUIK | • Vermy gebraaide voedsel/ gebruik minder vet wanneer voedsel gaargemaak word.✓ (1) | • Rooster/bak/stoom voedsel✓ (1) |
| KOOLHIDRAAT-INNAME | • Verminder die inname van verfynde koolhidrate/ stysel✓<br>• Eet lae GI/onverfynde koolhidrate.✓ (Enige 1) | • Eet volgraankoolhidrate✓<br>• Eet lae GI-voedsel✓ (Enige 1) |

(4)

*Verstaan, matig (Fokus, bladsy 98; Suksesvol, bladsy 83)*

**LET WEL:** Een punt moet afgetrek word indien nie in tabelformaat NIE.

3.8

| EEN TIPE BROOD | EEN SMEER | EEN PROTEÏEN-VULSEL | TWEE BYKOSSE |
|---|---|---|---|
| Volgraan-/ bruinbrood✓<br>**Rede:**<br>• Hoog in vesel✓<br>• Lae GI✓<br>• Sal die bloedcholesterol-vlak verlaag✓<br>(2) | 'Lite'-margarien✓<br>**Rede:**<br>• Sal die totale vetinhoud verlaag. ✓<br>• Beskerm die hart omdat die meeste die hart-en-beroerte-stigting-embleem (logo) bevat✓<br>(2) | Gerookte hoender/ Tunamayonnaise✓<br>**Rede:**<br>• Hoog in proteïene✓<br>• Hoender sonder die vel bevat 'n laer vetinhoud. ✓<br>• Tuna is ryk aan omega-3-vetsure wat die hart en bloedvate beskerm. ✓<br>(2) | Tamatie/ Komkommer/ Laevetkaas/ Blaarslaai<br>**Rede:**<br>• Tamatie/komkommer/ blaarslaai is ryk aan vitamiene/minerale/ vesel/laag in vet✓ wat die risiko van koronêre hartsiektes verminder. ✓<br>• Laevetkaas het 'n laer vetinhoud wat die risiko van koronêre hartsiektes verminder. ✓ (4) |

**LET WEL:** Een punt vir elke keuse en Een punt vir 'n rede. (10)

*Analisering, moeilik (Fokus, bladsy 73-75; Suksesvol, bladsy 83-85)*

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1
- Hulle betaal regverdige/billike lone.✓
- Hulle verskaf goeie werkomstandighede.✓
- Hulle voorsien ordentlike werksure.✓
- Hulle gebruik nie kinderarbeid nie.✓
- Hulle voldoen aan arbeids-en veiligheidswette.✓
- Hulle ondersteun omgewingsvolhoubaarheid.✓ (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 61; Suksesvol, bladsy 69)*

4.2
- Die uitvinding van nuwe tekstiele/kledingstowwe✓ lei tot mode-verandering.
- Biotegnologie/nanotegnologie het 'n reeks materiale met spesiale eienskappe vir spesifieke doelwitte daar gestel,✓soos sportdrag.
- Gerekenariseerde patroonontwerpmetodes/verbeterde brei en naaimasjiene✓ lei tot modeverandering.
- Maklike kommunikasie oor modes deur televisie en sosiale media/ Internet/selfone/Facebook/twitter✓lei tot modeverandering. (Enige 2) (2)

*Onthou, matig (Fokus, bladsy 51; Suksesvol, bladsy 54)*

4.3 Eerste indrukke is dikwels blywende indrukke.✓Mense sal jou beoordeel op jou fisiese voorkoms✓ selfs voordat hulle met jou praat.✓'n Persoon wat geskik/deftig geklee is✓ gee die indruk dat hy/sy selfvertroue het,✓gereed is om te leer✓ en gereed is om goeie werk vir die maatskappy te doen.✓Jou doelwit met eerste indrukke behoort te wees om 'n professionele/bekwame beeld te projekteer.✓ (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Fokus, bladsy 53; Suksesvol, bladsy 57)*
**LET WEL:** Trek EEN punt af indien nie in 'n paragraaf beantwoord is nie.

4.4 4.4.1
- Modesiklusse sal korter wees/nie lank hou nie/hoogtepunt van die modesiklus sal korter wees.✓
- Modesiklusse sal oor korter periodes oorvleuel.✓
- Dit sal lei tot meer modegiere.✓ (Enige 2) (2)

*Toepassing, matig (Fokus, bladsy 50; Suksesvol, bladsy 50)*

4.4.2 'n Konstante aanvraag om nuwigheid te lewer, beteken dat nuwe kledingstukke deurgaans gemaak moet word. As gevolg hiervan, moet meer nuwe materiale geproduseer word. Dit veroorsaak besoedeling,✓mag natuurlike hulpbronne/woude gebruik/uitput✓ en die gebruik van water verhoog/waterhulpbronne uitput.✓ Skadelike chemikalieë✓ word in die produksie van kleurstof gebruik. Wanneer verbruikers konstant nuwe kledingstukke/klere koop, beland die ou klere dikwels op ashope, waar dit wat nie bioafbreekbaar is, vir 'n baie lang tyd mag bly✓ en besoedeling veroorsaak.✓ As nuwe kledingstukke ingevoer word, word hulle vervoer wat koolstofdioksied vrystel.✓ (Enige 4) (4)

*Toepassing, moeilik (Fokus, bladsy 61-63; Suksesvol, bladsy 67-70)*
**LET WEL:** Trek Een punt af indien nie in 'n paragraaf beantwoord is nie.

4.5 Grys baadjie✓ (1)

- Sal haar warm hou✓
- Sal pas by die grys broek/wit hemp/ander items✓
- Professionele//formele/deftige voorkoms✓
- Klassieke styl, kan vir 'n lang tyd gedra word✓ (Enige 2)

**OF**

Grys langbroek✓ (1)

- Effe/Neutrale kleur, kan met ander klere gemeng en pas word✓
- Professionele/formele/deftige voorkoms✓
- Klassieke styl, kan vir 'n lang tyd gehou word✓ (Enige 2)

**OF**

Wit langmouhemp✓ (1)

- Klassieke styl, kan vir 'n lang tyd gehou word✓
- Effe/neutrale kleur, kan met ander klere gemeng en pas word✓
- Professionele/formele/deftige voorkoms✓ (Enige 2)

(Enige 2 x 3) (6)

*Evaluering, matig (Fokus, bladsy 57-60; Suksesvol, bladsy61-62, 64)*

**[20]**

**VRAAG 5: BEHUISING**

5.1
- Betaling van die kapitaal (bedrag geleen)✓
- Rente✓
- Lewensversekeringspremies/paaiemente✓
- Huiseienaar se premies/-paaiemente vir omvattende versekering✓
- Administrasiegeld✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 128; Suksesvol, bladsy 145)*

5.2
- 'n Titelakte is 'n dokument wat die besonderhede van die eienaarskap ✓ en die eiendom aandui.✓
  OF
- 'n Titelakte is 'n dokument wat bewys dat jy die eienaar van die eiendom is✓ en sluit die ligging/grootte van die eiendom✓sowel as die eienaar se besonderhede. (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 128; Suksesvol, bladsy 146)*

5.3
- 'n Deposito word betaal vir die aansluiting van water✓ en elektrisiteit✓ wanneer 'n verbruiker 'n huis koop. (2)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 128; Suksesvol, bladsy 147)*

5.4
- Afbreek van koste/bou-/regskoste.✓
- Duidelike beskrywing van die materiale en afwerkings.✓
- Presiese dimensies van die huis/dimensies volgens die huisplan.✓
- Voltooidatum.✓
- Datum en betalingsmetode.✓
- Waarborge wat die bouer voorsien vir herstelwerk/om enige strukturele foute/lekkasie in die dak/verkeerde bouwerk/laat voltooiing van werk, reg te stel.✓
- 'n Klousule van kansellasie/beëindiging van die kontrak as enige van die partye nie daarby kan hou nie/klousule wat aandui dat as die leningaansoek nie goedgekeur word nie/aansoek vir staatsubsidie afgekeur word, dat die ooreenkoms met die kontrakteur/bouer nie nagekom kan word nie/verval.✓ (Enige 4) (4)

*Onthou maklik (Fokus, bladsy 120; Suksesvol, bladsy 139)*

5.5 5.5.1
- Hierdie versekering sal enige verliese dek indien die permanente huisstruktuur✓ beskadig word as gevolg van natuurlike rampe/storms✓'n ongeluk✓'n gebarste warmwaterstelsel✓ politieke onrus✓'n vuur. ✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 127; Suksesvol, bladsy 145)*

5.5.2
- Huishoudelike-inhoud-versekering✓
- Sal items dek soos elektriese toestelle/meubels/klere/gordyne.✓ (2)

*Toepassing, matig (Fokus, bladsy 127-128; Suksesvol, bladsy 145)*

5.6 5.6.1
- **Nee /** Lindiwe sal nie vir 'n staatsubsidie kwalifiseer nie✓.
- Lindiwe het 'n goedbetaalde korporatiewe werk en sy kan slegs kwalifiseer as sy R3 500.00 of minder per maand verdien.✓
- Lindiwe is nie getroud nie/het geen langtermynlewensmaat nie/is enkel/het geen afhanklikes nie en 'n burger kwalifiseer slegs as sy/hy afhanklikes het.✓ (3)

*Verstaan, maklik (Fokus, bladsy 130; Suksesvol, bladsy 149)*

5.6.2 Deeltitelmeenthuis.✓ (1)
- 'n Deeltitel meenthuis in 'n kompleks is veiliger/het meer sekuriteit✓/omdat sy 'n enkelvrou✓ /sy reis.✓
- Sy sal die voordeel hê om die gemeenskaplike tuin✓en swembad✓te geniet sonder die probleem om dit te versorg/ die huiseienaarsvereniging/regspersoon is verantwoordelik vir die instandhouding van die tuin en swembad.✓
- Sy reis gereeld en sal minder instandhouding hê om te doen✓ omdat die huiseienaarsvereniging/regspersoon✓ die buitekant van die meenthuis in stand hou.✓ (Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Fokus, bladsy 122-123; Suksesvol, bladsy 140-141)*

5.7
- Om 'n eiendom te koop is baie duur omdat daar oordragskoste/ oordragsheffings/oordragsgeld✓ en versteekte/verbandregistrasiegeld/ aktekantoorgeld/tussentydse tariewe/aanvangsgeld/eiendomswaardasie-gelde/okkupasiehuur/administrasiegeld/diensaansluitinggeld is.✓
- Huur is goedkoper op die korte duur/aanvanklik goedkoper✓en dit stel die huurder in staat om geld te spaar✓vir 'n deposito. Hoe groter jou deposito, hoe makliker sal dit wees om jou finansiële verantwoordelikhede van huiseienaarskap na te kom.✓
- 'n Huurder betaal 'n vaste bedrag oor 'n spesifieke tydperk✓en word nie deur verhoging in rentekoerse affekteer nie.✓
- 'n Huurder betaal nie munisipale heffings/eiendomsbelasting nie✓./ Eienaars betaal munisipale heffings en eiendomsbelasting.✓
- 'n Huurder betaal nie vir die instandhouding van die eiendom nie✓./ Eienaars betaal vir instandhouding.✓
- 'n Huurder betaal nie verbandversekering/huiseienaarsversekering nie✓./ Eienaars betaal verbandversekering/huiseienaarsversekering.✓
- Dit is maklik om te trek nadat kennis betyds gegee is.✓Dit is dus makliker om te huur indien jy nie lank in 'n stad/dorp gaan woon nie/weet dat jy binnekort gaan verhuis.✓ (4 x 2) (8)

*Toepassing, matig (Fokus, bladsy 118 en 127-128; Suksesvol, bladsy 137 en 146-147)*

5.8 5.8.1 Funksionaliteit:

- Die toestel is klein en sal maklik in 'n klein ruimte pas.✓
- Die toestel is nie swaar nie en kan maklik beweeg word as die student beweeg.✓
- Die toestel is meerdoelig omdat die student kan kook, bak en rooster.✓
- Kan enige plek ingeprop word/elektrisiën nie nodig nie✓

Enige 2)

5.8.2 Menslike energieverbruik:

- Soliede plate is maklik om skoon te maak,✓dus bespaar dit menslike energie.✓
- Die toestel maklik om te gebruin kontrole knoppies.✓

(Enige 2)

5.8.3 Nie-menslike energieverbruik:

- Soliede plate neem 'n rukkie om warm te word,✓dit mors elektrisiteit.✓
- Soliede plate bly vir etlike minute warm nadat hulle afgeskakel is,✓dus kan voedsel warm gehou word nadat dit gaar is/kookproses duur voort nadat plaat afgeskakel is.✓
- Daar is twee plaat groottes, dus kan energie bespaar word as 'n klein kastrol gebruik word.✓
- Die temperatuur kontrole is doeltreffend omdat hulle meer gereguleerde hitte voorsien.✓
- Die oond is energie doeltreffend omdat minder elektrisiteit benodig word✓ om 'n klein oond te verhit. (Enige 5)

5.8.4 Gevolgtrekking:

- Ja✓
- Die toestel sal voldoen aan die gaarmaakbehoeftes vir 'n student wat meestal vir hom/haarself kook.✓
- Hierdie gaarmaaktoestel is geskik vir 'n student wat 'n klein woonstel intrek.✓
- The toestel het 'n eenjaar waarborg en sal vervang word as daar probleme is. ✓ (Enige 1) (10)

*Evaluering, matig (Fokus, bladsy 139-140; Suksesvol, bladsy 159-160)*

**LET WEL:** Die gevolgtrekking kan aan die begin of aan die einde van die antwoord wees.

**[40]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1
- Naam van produk✓
- Handelsnaam/handelsmerk✓
- Naam en adres van vervaardiger✓
- Prys/pryskode/strepieskode✓
- Produkinhoud✓
- Grootte/M/L/XL, ens✓
- Versorginginstruksies ✓
- Kliëntediens✓
- Bestanddelelys✓
- Naam en adres van vervaardiger✓
- Voedingkundige-in;ligting✓
- Bedieningsvoorstel✓
- Beste voor/verkoodatum✓
- Waarskuwing/raadgewing/allergene✓ (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 29; Suksesvol, bladsy 29)*

6.2
- Skep bewustheid van die produk of diens.✓
- Om die aandag van die kliënte te trek./Verbruiker belangstelling te wek.✓
- Kliënte te oorreed om die produk te koop./Skep die begeerte om die artikel/produk te besit./Om verbruikers te oorreed om die produk te koop.✓
- Die mark vir nuwe kliënte uit te brei.✓
- Om inligting oor die produk te verskaf.✓ (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 30; Suksesvol, bladsy 30)*

**LET WEL:** Merk slegs die eerste drie antwoorde.
AIDA beginsels – vereistes vir advertensies – nie van toepassing hier nie.

6.3 Gebruik goedere en dienste om die lewenskwaliteit te verbeter✓en om die behoeftes van verbruikers te bevredig,✓die gebruik van natuurlike hulpbronne, toksiese materiaal en chemikalieë/afval✓ en besoedeling te verminder✓om die natuurlike omgewing te beskerm. ✓ (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy26; Suksesvol, bladsy 26)*

6.4 Vraaggebaseerde prysbepalingstrategie:
- Die entrepreneur begin deur die prys, wat die teikenmark bereid is om te betaal te bepaal.✓
- Die entrepreneur werk dan terug en verseker dat die koste so laag as moontlik gehou word sodat 'n wins nog steeds gemaak word.✓

OF

Kostegebaseerde prysbepalingstrategie:
- Die entrepreneur prys sy of haar produkte bo die gemiddelde markprys.✓
- Die hoër prys sal vir die kliënte aandui dat die produk van 'n hoë kwaliteit/ uniek is.✓ (2)

*Onthou, maklik (Kostegebaseerde prysing: Fokus, bladsy 32; Vraaggebaseerde prysing: Suksesvol, bladsy 31)*

6.5 6.5.1 Infrastruktuur:
- Kombuis (van haar ma)✓
- Elektrisiteit✓
- Water✓

Toestelle:
- Gereedskap/apparaat (van haar ma) ✓
- Geld vir die suikertermometer✓

Voorraad:
- Materiaal/hout vir die rakke wat gebou moes word✓
- Geld vir die grondstowwe/bestanddele✓ (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Fokus, bladsy 11; Suksesvol, bladsy 18)*

6.5.2
- Die area moet goed belig wees sodat voorraad georganiseer en doeltreffend bestuur kan word.✓
- Voorraad moet so gerangskik en gestoor word dat goedere wat gereeld gebruik word maklik uitgehaal kan word.✓
- Rangskik voorraad volgens die beste voor/vervaldatum/volg eerste-in-eerste-uit-beginsel.✓
- Maak seker dat die vertrek nie klam is/muwwerig is nie/bergplek moet koel en droog wees.✓
- Die rakke moet skoon en stofvry wees.✓
- Behandel die bergplek vir peste en plae.✓ (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Fokus, bladsy 22-23; Suksesvol, bladsy 25)*

6.5.3
- Moet pas by die meringues/geskikte vorm wat die vorm van die meringue sal beskerm.✓
- Moet sterk wees om die meringues te beskerm.✓
- Geskikte grootte vir die meringues.✓
- Moet die meringues skoon/vars/veilig hou vir die voorgenome raklewe.✓
- Moet lugdig wees/die meringues beskerm teen stof/ klammigheid/uitdroging/kontaminasie/besmetting.✓
- Sterk genoeg om te vervoer.✓
- Maklik hanteerbaar, oop- en toemaak.✓ (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Fokus, bladsy 22; Suksesvol, bladsy 29)*

6.5.4 (a) Menslike vaardigheid:
- Anati het die vaardigheid / **kennis** om fudge en meringues te maak – sy het dit op skool geleer.✓ Sy het 'n kursus by 'n kookskool bygewoon✓ dit het haar gehelp om die toffie- en nougatresepte te verbeter. (2)

(b) Verbruikeraanklank:
- Haar produkte vind aanklank by die studente/ Die studente het van haar produkte gehou.✓
- Dit was vir die studente maklik om die lekkergoed direk by haar te koop.✓ Hulle het vir 'n groter verskeidenheid gevra✓, soos nougat en fudge.✓ (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Fokus, bladsy 10 – 14; Suksesvol, bladsy 16 - 20)*

6.5.5 Opsie 1:

Koste van een pakkie = R18,00 ÷ 100
= R0,18✓

R31,00 + R4,00 = R35,00 ÷ 36
= R0,97 per blokkie✓

Koste per pakkie = R0,97 x 2 + R0,18
= R2,12✓
R2,12 x 120%✓ = R2,54✓
R2,12 + R2,54 = R4,66✓
Verkoopprys van een pakkie = R5,00✓

Opsie 2:

Koste van een pakkie = R18,00 ÷ 100
= R0,18✓

R31,00 ÷ 36 = R0,86 per blokkie
R4,00 ÷ 36 = R0,11 per blokkie
R0,86 + R0,11 = R0,97 per blokkie✓

Koste per pakkie = R0,97 x 2 + R0,18
= R2,12✓
R2,12 x 120%✓ = R2,54✓
R2,12 + R2,54 = R4,66✓
Verkoopsprys van een pakkie = R 5,00✓

Opsie 3:

Koste van een pakkie = R18,00 ÷ 100
= R0,18✓
R31,00 + R4,00 = R35,00 ÷ 18
= R1,94 per pakkie✓

Koste per pakkie = R0,18 + R1,94
= R2,12✓
R2,12 x 120%✓ = R2,54✓
R2,12 + R2,54 = R4,66✓
Verkoopprys van een pakkie = R 5,00✓ (7)

**LET WEL:** Die rand(R)waarde moet aangedui word. Penaliseer (-1) slegs een maal.
*Toepassing, matig (Fokus, bladsy 37-38; Suksesvol, bladsy 38-39)*

Kopiereg voorbehou 

6.5.6
- In Desember, Januarie, April en Julie is die student met vakansie,✓ daarom het sy 'n laer inkomste tydens hierdie maande. Haar produksiekoste verhoog omdat sy gedurende die vakansie die produkte maak.✓
- In Februarie, Maart, Mei, Augustus, September en Oktober, is die studente op kampus en verkoop sy haar produkte,✓ daarom het sy tydens hierdie maande 'n hoër inkomste. Tydens hierdie maande verminder haar uitgawes/produksiekostes omdat sy minder produkte maak/ sy studeer.✓

*Analisering, matig (Fokus, bladsy 39; Suksesvol, bladsy 41)* (4)

6.5.7
- Sy moet van haar wins spaar✓ tydens die maande wat sy 'n inkomste verdien/Februarie, Maart, Mei, Augustus, September en Oktober, vir die bestanddele wat sy tydens die produksie-maande moet koop.✓
- Tydens die vakansiemaande/Desember, Januarie, April en Julie kan sy haar produkte by die vlooimark verkoop om haar inkomste te verhoog✓
- Anati kan spesiale vakansieverpakking maak om in die gemeenskap/vlooimark te koop/Desember/Kersvakansie.✓
- Sy kan aanhou om op kampus te verkoop tydens vakansies as daar sportafrigting/werkswinkels/konferensies is.✓
- Sy kan bestellings neem vir verjaardae of spesiale geleenthede.✓

*Skep, matig (Fokus, bladsy 35; Suksesvol, bladsy 34)* (Enige 4) (4)

**[40]**

**GROOTTOTAAL: 200**